

## DANIËL

### Deel 3 – Staan Sterk

**Daniël 3:4-7** 'n Aankondiger het hard geroep: “Alle volke, nasies en taalgroepe, julle word beveel: Wanneer julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument, moet julle buig voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig het, en dit aanbid. Wie nie buig en die beeld aanbid nie, sal onmiddellik in 'n brandende oond gegooi word.” Daarom het al die volke, nasies en taalgroepe, sodra hulle die geluid van trompet, fluit, siter, lier, harp of enige ander musiekinstrument hoor, voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig het, gebuig en dit aanbid.

**Daniël 3:12-15** Maar, U Majesteit, nou is daar Jode, Sadrag, Mesag en Abednego, vir wie u in beheer van die administrasie van die provinsie Babel geplaas het, wat hulle nie steur aan u bevel nie. Hulle dien nie u god nie, hulle aanbid nie die goue beeld wat u laat oprig het nie.” Toe het Nebukadnesar woedend geword en vir Sadrag, Mesag en Abednego laat kom. Dié manne is voor die koning gebring, en Nebukadnesar het vir hulle gesê: “Is dit waar, Sadrag, Mesag en Abednego, dat julle my god nie dien nie, die goue beeld wat ek laat oprig het, nie aanbid nie? Nou kyk, dit sal in orde wees as julle bereid is om te buig en die beeld te aanbid sodra julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument. Maar as julle hom nie aanbid nie, sal julle dadelik in 'n brandende oond gegooi word, en watter god sal julle uit my mag kan red?”

### 1. Dit eis \_\_\_\_\_ om sterk te staan.

**Daniël 3:16** Sadrag, Mesag en Abednego het koning Nebukadnesar geantwoord: “Ons hoef u nie hierop te antwoord nie.

### 2. Dit eis \_\_\_\_\_ om sterk te staan.

**Daniël 3:17-18** Ons het ons God vir wie ons dien Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie.”

### 3. Dit \_\_\_\_\_ ander as jy sterk staan.

**Daniël 3:28-29** Toe sê Nebukadnesar: “Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle lewe te verloor eerder as om enige god behalwe hulle God te dien of te aanbid. Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige persoon, van watter volk, nasie of taalgroep hy ook is, wat met minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego, in stukke gekap moet word en dat sy huis 'n puinhoop gemaak moet word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie.”

Ons kan STAAN in \_\_\_\_\_, wanneer ons BUIG in \_\_\_\_\_.

- Wanneer ek vertrou dat God in staat is en Hom vertrou met die uitkoms, kan ek staan as getuie in kultuur om my.

**Handelinge 7:55-56** Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan. “Kyk,” het hy gesê, “ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.”

Wanneer ek staan, staan Jesus saam met my!

#### Ander Skrifgedeeltes:

1 Korintiërs 1:18; 16:13-14; Hebreërs 11:6, 33-34; 12:1-2 Jesaja 51:12-13;  
2 Timoteus 4:18; Filippense 1:21

# NEEM KENNIS

## **MANNEKAMP: 21-22 September 2018**

*Daar is nog 'n paar plekke oop vir die naweek se mannekamp op Menuha Wildsplas naby Brandfort. Dis van Vrydagaand tot Saterdag middag. R300 per persoon. Inligting na die diens beskikbaar voor in die kerk of kontak vir Carel Botma: 0829090296 of [carel.botma@psg.co.za](mailto:carel.botma@psg.co.za)*

## **LESOTHO UITREIK: 27-30 September 2018**

*Met 'n vorige uitreik na Lesotho is die mense in Polihali se oë getoets, en daar is 'n groot behoefte aan brille. Indien daar 'n paar ou brille by jou huis rondlê wat nie meer gebruik word nie, wil ons jou uitnooi om dit Sondag by die kerk of deur die week by die kantoor te kom ingee. Die plan is om dit te laat toets om uit te vind of dit miskien kan werk vir iemand daar, en dan kan ons hulle so help. Jou ou brille kan dalk net iemand se lewe verander!*

## **VROUE-OGGEND: 13 Oktober 2018**

*TV en Radio persoonlikheid, Jenna Leigh, kom deel 'n boodskap van hoop vir vrouens Saterdag oggend, 13 Oktober. Kom deel saam met ons in hierdie heerlike wegbreek-oggend. Daar sal toesig vir kinders wees. Kaartjies van R10 is beskikbaar by inligtingstoonbank en kerkkantoor. Vir meer navrae, kontak vir Nala Victor by die kerkkantoor: 051-4511017 of [nala@kerk.co.za](mailto:nala@kerk.co.za)*

# WORD DEEL

## **T.i.C. - Teens In Christ**

*T.i.C. is ons tienerbediening by die kerk. Ons kom elke Vrydag aand om 17:30-19:30 bymekaar by die kerk. Kom geniet dit saam met ons en bou verhoudings met ander tieners. Vir meer inligting kontak vir Willie de Beer: [willie@kerk.co.za](mailto:willie@kerk.co.za) of 082 309 5342*

## **GROEP VIR 18-30's: Dinsdae 19h00**

*Daar is 'n groep vir studente en jong werkendes van 18-30 jaar wat op Dinsdae aande 19h00 bymekaar kom in die Jeugsentrum. Kontak vir Willie de Beer vir meer inligting: [willie@kerk.co.za](mailto:willie@kerk.co.za) of 082 309 5342*

# ICONNECT

Indien jy êrens wil inskakel, nuut is of meer inligting oor die gemeente wil hê; is jy welkom om na die diens met die span by iConnect te gesels wat vir jou al die inligting sal gee. Kyk uit vir die iConnect baniere op die grasperk buite die kerk.

Indien jy graag op ons databasis wil kom om emails en smse van die kerk te ontvang, vul asseblief die "Aangename Kennis" kaartjies in tussen die stoele en banke. Jy kan dit ingee by iConnect of in die houtposbusse by al die deure van die kerk. Ons kontak jou gerus deur die week net om te groet!